basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE IN DIE 1970's SUID-AFRIKAANSE LEERDERS BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Identifiseer die TWEE 'doelwitte' van die Swartbewussynsbeweging soos aangehaal in die bron. (2 x 1) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar op wat jy dink Biko geïmpliseer het met die stelling, 'Om net jouself as swart te beskryf … as 'n stempel te gebruik wat jou as 'n ondergeskikte (onderdanige) wese …'. (2 x 2) (4)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die invloed wat die Swartbewussynsfilosofie teen 1976 op beide leerders en werkers gehad het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem die TWEE vakke in die bron waar swart Suid-Afrikaanse leerders gedwing is om Afrikaans as onderrigmedium te gebruik. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom jy dink die meeste Soweto-prinsipale en -onderwysers geweier het om die apartheidsregime se taalbeleid te implementeer. (2 x 2) (4)

1.2.3 Waarom, volgens die bron, is Bantoe-onderwys in Suid-Afrika ingestel? (1 x 2) (2)

1.2.4 Hoe, volgens die bron, het die leerders van Soweto op die apartheidsregime se taalbeleid gereageer? Noem DRIE maniere. (3 x 1) (3)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word met verwysing na die volgende:

(a) Lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (1 x 2) (2)

(b) Leerders (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bewyse in die bron vir 'n historikus wat die gebeure wat op 16 Junie 1976 in Soweto ontvou het, navors. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die inligting in Bron 1C ondersteun rakende die Soweto-opstande van 1976. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik op watter maniere die Soweto-opstande die volgende geaffekteer het:

(a) Swart Suid-Afrikaanse leerders (1 x 2) (2)

(b) Die Suid-Afrikaanse regering (1 x 2) (2)

1.5.2 Haal DRIE anti-apartheidsorganisasies uit die bron aan wat die apartheidsregime in 1977 verban het. (3 x 1) (3)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Swartbewussynsfilosofie Suid-Afrikaanse leerders in die 1970's beïnvloed het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SKULDIGES SOOS BRIAN MITCHELL HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die redes vir die stigting van die WVK? (2 x 1) (2)

2.1.2 Identifiseer enige DRIE growwe menseregteskendings in die bron wat die WVK ondersoek het. (3 x 1) (3)

2.1.3 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op wat jy dink met die stelling, 'Daarom het amnestie die prys vir vrede geword', in die konteks van die WVK geïmpliseer is. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, was Brian Mitchell in die tronk? (1 x 2) (2)

2.2.2 Noem enige DRIE politieke aktiviste in die bron wat in die Trust Feed-slagting gedood is. (3 x 1) (3)

2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat Regter Andrew Wilson gemotiveer het om amnestie aan Brian Mitchell toe te staan. (2 x 2) (4)

2.2.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink die lede van die Trust Feed-gemeenskap ongelukkig was toe amnestie aan Brian Mitchell toegestaan is. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die boodskap wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.3.2 Wat dink jy word met die woorde, 'EENMALIGE AANBOD!!' in die konteks van die amnestieproses van die WVK geïmpliseer? (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die inligting in Bron 2C ondersteun met betrekking tot Brian Mitchell se verskyning voor die WVK. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Waarom, volgens die bron, was lede van die Trust Feed-gemeenskap nie bereid om Brian Mitchell te ontmoet nie? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

2.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom:

(a) Sommige lede van die Trust Feed-gemeenskap nie vir Brian Mitchell vergewe het vir die rol wat hy in die moord op politieke aktiviste gespeel het nie (1 x 2) (2)

(b) Sommige lede van die Trust Feed-gemeenskap Brian Mitchell vergewe het vir die rol wat hy in die moord op politieke aktiviste gespeel het (1 x 2) (2)

2.5.3 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou wanneer die amnestieproses van die WVK nagevors word. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie skuldiges soos Brian Mitchell hanteer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET HANDELSLIBERALISERING OP SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE ooreenkomste uit die bron aan wat Suid-Afrika in 1994 onderteken het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die term *liberalisering* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik die invloed wat die Marrakesj-ooreenkoms op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Identifiseer enige TWEE lande in die bron waarvandaan groot hoeveelhede klere Suid-Afrika binnegekom het sonder dat enige belasting (tariewe) gehef is. (2 x 1) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Watter boodskap dra die hoofopskrif van die *Independent Online*-nuus oor? (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik hoe handelsliberalisering vrouewerkers beïnvloed het, soos in die foto getoon. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Watter invloed, volgens die bron, het goedkoop invoere vanaf China op mense wat in Hammarsdale woon, gehad? (2 x 1) (2)

3.3.2 Lewer kommentaar op Mjilo se siening met betrekking tot Hammarsdale se ekonomie in die:

(a) 1990's (1 x 2) (2)

(b) 2000's (1 x 2) (2)

3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Hammarsdale se gemeenskap beïnvloed is deur die regering se besluit om 'vrye handel' in Suid-Afrika in te stel. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Noem TWEE maniere in die bron waarop Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in staat was om met wêreldwye vervaardigers mee te ding. (2 x 1) (2)

3.4.2 Hoe, volgens Patel, het die Klere- en Tekstiel-mededinging-verbeteringsprogram Suid-Afrika se klere- en tekstielmaatskappye tot voordeel gestrek? Noem TWEE maniere. (2 x 1) (2)

3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die klere- en tekstielsektor in KwaZulu-Natal by die regering se bemiddeling baat gevind het. (2 x 2) (4)

3.4.4 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer die rol wat die 'DTI' in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gespeel het, nagevors word. (2 x 2) (4)

3.5 Vergelyk Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die inligting in Bron 3D ondersteun met betrekking tot SACTWU se reaksie op die afdanking van werkers. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die invloed wat handelsliberalisering op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het, te verduidelik**.** (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Die Britse en Ierse anti-apartheidsbewegings was grotendeels verantwoordelik vir die ondergang van die apartheidsregime in die 1980's.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Bespreek krities hoe dit vir leiers van verskeie politieke organisasies in Suid-Afrika moontlik was om die struikelblokke en uitdagings waarmee hulle gedurende 1990 tot 1994 gekonfronteer is, te oorkom.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Mikhail Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost direk vir die politieke veranderings wat na die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het, verantwoordelik was

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2019**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE IN DIE 1970's SUID-AFRIKAANSE LEERDERS BEÏNVLOED?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder fokus op die opkoms van die Swartbewussynsfilosofie gedurende die 1970's en die invloed daarvan op Suid-Afrika. Dit is deur Gregory Maddox geskryf.

Die Swartbewussynsbeweging het na 1969 'n beroep op swart mense gedoen om hulleself eers sielkundig te bevry. Hulle het beweer dat baie swart mense as gevolg van die apartheidsrassisme idees oor minderwaardigheid en afhanklikheid aangeneem het. Wanneer swart mense eers tot die besef kom dat hulle die reg en mag het om vir hulleself op te staan, sal dit vir hulle moontlik wees om mag in hulle eie hande te neem. Die doelwitte van die beweging was om swart mense se afhanklikheid van wit liberales om namens hulle te praat, uit te wis en om nie van wit liberale organisasies afhanklik te wees nie. Biko het gesê: 'Om net jouself as swart te beskryf, het jy al begin op 'n weg na emansipasie (bevryding), jy het jouself verbind om te veg teen alle magte wat poog om jou swartwees as 'n stempel te gebruik wat jou as 'n ondergeskikte (onderdanige) wese bestempel.' Biko het geredeneer dat slegs swart mense (en hy het mense van kleur in Suid-Afrika, wat nie van Afrika afkomstig ('non-African') was nie, by sy definisie ingesluit) werklik in Suid-Afrika onderdruk word …

Die gewigtigheid (belangrikheid) van Swart Bewussyn se oproep tot trots en selfstandigheid het gehelp om in 1976 die toestande te skep wat tot 'n golf van anti-apartheidsonrus deur studente gelei het, ten spyte daarvan dat leiers, soos Biko, van die aktiewe politieke platform afwesig was. 'n Golf stakings deur swart werkers het in 1975 en 1976 deur die hele land getrek, en dit is dikwels deur 'nie-amptelike' unies gelei wat by die Swartbewussynsbeweging geaffilieer was.

[Uit http://science.jrank.org/pages/7530/Black-Consciousness.html.
Toegang op 2 September 2018 verkry.]

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder verduidelik die invloed wat die Swartbewussynsfilosofie in die 1970's op studente gehad het. Dit is uit 'n artikel geneem wat in *The Daily Maverick* verskyn het en is deur J Brooks Spector geskryf.

Die regering het in April 1976 finaal besluit om bestaande regulasies af te dwing wat sou verseker dat die helfte van die onderrig van Afrikane, veral in moeiliker gespesialiseerde vakke soos Wiskunde en die wetenskappe, voortaan in Suid-Afrika se ander amptelike taal, Afrikaans, eerder as in Engels, sou plaasvind. Die meeste prinsipale en onderwysers in Soweto het hulle daartoe verbind om nie so 'n arbitrêre (onregverdige) diktaat (voorskrif/besluit) uit te voer nie.

Leerders se Afrikaans-taalvaardigheid was buitendien so swak dat indien so 'n besluit die werklikheid van die onderrig in Soweto-hoërskole sou word, hulle tot onderwysmislukking verdoem was. Dit het voorgekom asof die toepassing (implementering) van hierdie bepaling presies (noukeurig) ontwerp is om die gebrekkige (onvoldoende) onderrig te vernietig wat onder die strawwe stelsel van 'Bantoe-onderwys' beskikbaar was. Daardeur is enige leerder se hoop dat hy of sy die onderrig kon ontvang wat vir sukses in die moderne ekonomie nodig was, verydel (beëindig).

Leerders het begin om hulle eie verset teen hierdie nuwe stelsel te organiseer; hulle het vergaderings gehou en daarna 'n protesoptog geskeduleer wat by die Morris Isaacson- en Orlando West-hoërskole begin het. Maar hierdie vreedsame studente-optog het egter daardie dag met werklike polisieslaankrag te doen gekry en meer as 'n honderd studente is dood en nog baie is gewond.

[Uit *The Daily Maverick*, 16 Junie 2016]

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wat op 16 Junie 1976 in Soweto leerders met honde gekonfronteer het. Die fotograaf is onbekend.




[Uit https://risingsunoverport.co.za/wp-content/uploads/sites/108/2016/06/u1_ch4_Soweto_1976-520x400.jpg. Toegang op 3 September 2018 verkry.]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder fokus op die uitkoms van die Soweto-opstande van 1976.

Alhoewel die regering in Julie 1976 van sy Afrikaans-taalbeleid afstand gedoen het, is skole regdeur die land tot die volgende jaar ontwrig. Baie studenteleiers is aangehou, meer as 'n duisend is doodgemaak, hoofsaaklik deur polisieoptrede, en nog duisende is gewond.

Die African National Congress (ANC), alhoewel hulle verban was, het tydens die opstande kontak met studente behou en pamflette uitgegee, maar dit was die idees van Swart Bewussyn wat die betogings geïnspireer het. Die ANC is egter versterk (sy lidmaatskap het toegeneem) toe meer as 12 000 studente die land verlaat het om by die ANC in ballingskap aan te sluit en militêre opleiding ontvang het. Na Soweto het gewapende aktiwiteite in Suid-Afrika toegeneem soos die gewapende vleuel van die ANC (Umkhonto we Sizwe) en die Pan Africanist Congress (Poqo) hulle nuwe rekrute op sabotasiesendings in die land kon gebruik.

Die Soweto-opstande het 'n baie negatiewe invloed op Suid-Afrika se beeld in die buiteland gehad. Dramatiese televisiedekking van polisieoptrede in die townships is oor die hele wêreld uitgesaai. Dit het die internasionale gemeenskap geskok. Hierdie internasionale kritiek het die regering se pogings om sy isolasie te beëindig deur ekonomiese en diplomatieke bande met ander Afrikalande te bewerkstellig, vernietig. Hierdie gebeure [Soweto-opstande] en die wêreld se reaksie het wit besigheidsleiers geskok en hulle het begin om druk op die regering uit te oefen om te verander. Die regering het in 1977, 17 anti-apartheidsorganisasies verban, waaronder die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO), die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) en die Soweto Studenteraad (SSRC). Die verbod op alle organisasies wat aan die Swartbewussynsbeweging verbind was, het daarop gedui dat die regering geen twyfel gehad het dat die ideologie wit oorheersing bedreig het en die rede agter die 1976-opstande was nie.

[Uit https://sites.google.com/site/coldwarhistory2/the-impact-of-the-student-protests-and-the-soweto-uprising. Toegang op 5 September 2018 verkry.]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SKULDIGES SOOS BRIAN MITCHELL HANTEER?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder beskryf in hooftrekke die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) wat in 1995 ontstaan het, is onvermydelik (onafwendbaar) uit kompromie gebore. Die verantwoordelikheid wat deur die parlement daaraan gegee is, was relatief eng (beperk). Die kommissie se hooffokus was om growwe menseregteskendings te ondersoek, die stilte van die verlede te verbreek, 'n kultuur van verantwoordelikheid te skep en 'n veilige ruimte vir slagoffers te verskaf om hulle stories oor die vier en dertig jaar vanaf 1960 te vertel. Die skendings is gedefinieer as die doodmaak, ontvoering, marteling of ernstige misbehandeling van enige persoon, of enige poging, sameswering (plan), aanhitsing (opswepery), opstokery, bevel of magtiging om daardie dade te pleeg. Die groter (breër) onregte van die apartheidstelsel, soos die gedwonge verskuiwings van ongeveer 3 miljoen mense uit hulle huise, die gevangenskap van miljoene pasweet-oortreders, en die wydverspreide gebruik van aanhouding sonder verhoor, sou dus nie bespreek word nie.

… Die mees omstrede (kritieke) deel van die WVK se verantwoordelikheid het die amnestieklousules behels. De Klerk het in die finale stadium van die onderhandelings wat wit regering sou beëindig daarop aangedring dat 'n waarborg vir amnestie in die nuwe grondwet ingeskryf moes word; Mandela is gedwing (geforseer) om toe te gee (dit te aanvaar). Sonder amnestie sou die wit instelling dalk nie ingestem het om mag oor te gee nie. Amnestie het dus die prys vir vrede geword.

[Uit *Coming To Terms: South Africa's Search For Truth* deur M Meredith et al.]

**BRON 2B**

Die bron hieronder fokus op Brian Mitchell se rol in die Trust Feed-slagting en sy daaropvolgende aansoek om amnestie by die WVK.

By sowel sy hofsitting (verhoor) as by die WVK amnestiekomitee-verhoor in 1996 het Brian Mitchell beskryf hoe hy homself as 'n 'soldaat betrokke by 'n burgeroorlog' beskou. As die nuwe stasiebevelvoerder by New Hanover en as hoof van die plaaslike Gesamentlike Bestuursentrum, was sy taak om die ommekeer in die oorlogsgety teen die United Democratic Front (UDF) te bring. Hy is skuldig bevind aan die moord op politieke aktiviste soos Mseleni Ntuli, Dudu Shangase, Zetha Shangase, Nkoyeni Shangase, Muzi Shangase, Filda Ntuli, Fikile Zondi, Maritz Xaba, Sara Nyoka, Alfred Zita en Sisedewu Sithole.

Brian Mitchell, wat besig was om 'n vonnis van dertig jaar vir sy rol in die Trust Feed-slagting uit te dien, het ook om amnestie aansoek gedoen. Andrew Wilson, dieselfde regter wat Mitchell vir moord ter dood veroordeel het, het in sy uitspraak in Desember 1996 aanvaar dat sy bedrywighede 'deel van die teenrevolusionêre (teen verandering) aanslag teen die African National Congress (ANC)- en die United Democratic Front (UDF)-aktiviste uitgemaak het' en dat 'hy binne die verloop en omvang van sy pligte as 'n offisier van die Suid-Afrikaanse polisiemag opgetree het'. Wilson was ook tevrede dat Mitchell die feite ten volle onthul het. Gevolglik is amnestie aan hom toegestaan.

Daar was groot woede (ontevredenheid) omdat Mitchell vrygelaat is, veral onder die inwoners by Trust Feed wat amnestie teengestaan het.

[Uit *Coming To Terms: South Africa's Search For Truth* deur M Meredith et al.]

**BRON 2C**

Die spotprent hieronder, deur Zapiro, beeld Brian Mitchell uit wat die WVK se 'EENMALIGE AANBOD!! van amnestie aanvaar. Dit is op 12 November 1996 in die *Mail and Guardian* gepubliseer.

**KYK NET NA HIERDIE HEMP! BEVLEK MET DIE BLOED VAN ELF MENSE!**




[Uit https://www.zapiro.com/cache/com_zoo/images/m_961212mg_6e19e617dc4891b33abe9e607c4159cb. jpg. Toegang op 6 Augustus 2018 verkry.]

**AMNESTIE-WASPOEIER**
**WAS BLOED UIT!**

**VLEKLOOS! AMNESTIE HET MY LEWE VERANDER!**

**AFRIKAANSE VERTALING:**

OPSKRIF: **EENMALIGE AANBOD!!**

**BLOEDVLEKKE IN JOU KAS?**
**KRY AMNESTIE (JY SAL GEK WEES OM DIT NIE TE DOEN NIE!!)**

**Maar maak gou!**
**Aanbod verstryk 14 DES.!!**

**BRON 2D**

Die bron hieronder fokus op Brian Mitchell se besluit om die lede van die Trust Feed-gemeenskap, naby Pietermaritzburg, te ontmoet om vergifnis te vra.

Brian Mitchell het besluit om die mense van Trust Feed te ontmoet nadat amnestie aan hom toegestaan is. Mitchell se eerste pogings om die mense van Trust Feed te ontmoet, is ferm van die hand gewys. Hulle wou niks met hom te doen hê nie. Toe die byeenkoms uiteindelik gereël is, was dit duidelik dat daar baie mense was wat nie bereid was om die polisieman te vergewe nie.

WVK-kommissarisse het die byeenkoms as fasiliteerders bygewoon. … terwyl een lied na die ander gesing is en verskeie inwoners van die dorp na vore gekom het om te praat, het Brian Mitchell, alleen op 'n stoel, voor in die saal gesit. Hy het uiteindelik opgestaan en die gehoor toegespreek.

'En ek kan net vra dat die mense wat direk of indirek betrokke was en wat deur hierdie saak geaffekteer is, dit sal oorweeg om my te vergewe … Ek wil net my dankbaarheid uitspreek teenoor die gemeenskap wat toegelaat het dat ek vandag hierheen kon kom en vir die welwillendheid wat ek sover ondervind het. Daar was mense wat my gewaarsku het dat ek nie vandag hierheen moes kom nie. Maar, ten spyte van daardie waarskuwings, het ek hierheen gekom omdat ek weet dat dit die regte ding is om te doen.'

… Nadat Mitchell klaar gepraat het, het daar baie vrae gevolg Dit was duidelik dat almal nie tevrede was nie. Maar die meerderheid mense in die saal was bereid om 'n olyftak aan die gewese polisieman te bied.

Jabulisiwe Ngubane, wat sowel haar ma as 'n paar kinders in die aanval verloor het, het aan joernaliste gesê: 'Dit is nie maklik om te vergewe nie, maar omdat hy vorentoe getree het om vergifnis te vra, het ek geen keuse nie. Ek moet hom vergewe.'

[Uit *Chronicle of the Truth Commission A Journal Through the Past and Present – Into the Future of South Africa* deur P Meiring]

## VRAAG 3: WATTER INVLOED HET HANDELSLIBERALISERING OP SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF GEHAD?

### BRON 3A

Die uittreksel hieronder fokus op die invloed wat handelsliberalisering in die 1990's op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het.

Daar was in die vroeë 1990's heelwat debatte oor wat Suid-Afrika se eksterne tariefbeleid moes wees. Suid-Afrika moes na jare van isolasie as gevolg van sy apartheidsbeleid, as 'n lid van die internasionale gemeenskap herstel word en aan internasionale handel deelneem. Suid-Afrika was in 1994 'n ondertekenaar van die Marrakesj Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel ('GATT') en die Wêreldhandelsorganisasie-ooreenkoms (WHO). Ten opsigte van sy Marrakesj-ooreenkoms het Suid-Afrika ooreengekom om 'n massiewe liberalisering (vrymaking) van tariewe op die meeste landbou- en vervaardigingsgoedere, waaronder dié in die klere- en tekstielsektore, te onderneem.

Die Suid-Afrikaanse regering het kort na die ondertekening van die Marrakesj-ooreenkoms, angstig om druk op sy plaaslike bedrywe te plaas om internasionaal selfs meer mededingend te word, die aksynsbelasting op klere verlaag. Sy tarief-liberaliseringsprogram, wat nuwe meesbegunstigde-nasie(MBN)-belastingtariewe ingestel het, het beleef hoe tariewe vir huishoudelike klere en tekstiele tot by vlakke val wat beduidend onder sy 1994-WHO-verpligtinge was.

Ondoeltreffendheid en korrupsie in Suid-Afrika se doeane-administrasie het die invloed van tariefliberalisering verhoog. Groot hoeveelhede klere, hoofsaaklik uit China, Indië en Pakistan het die land ingestroom sonder dat enige aksynsbelasting daarop gehef is of sonder dat die relevante 'reëls van oorsprong' nagekom is.

[Uit *A Case Study of the Clothing Industry in South Africa* deur Mark Bennett]

**BRON 3B**

Die bron hieronder toon werkers by 'n klere- en tekstielfabriek in KwaZulu-Natal wat later gesluit is as gevolg van die handelsliberaliseringsbeleid. Dit het op 28 Januarie 2013 op die *Independent Online*-nuuswebtuiste verskyn.

**450 KZN-FABRIEKE STAAR SLUITING IN DIE GESIG**



[Uit: https://www.iol.co.za/news/south-africa/kwazulu-natal/450-kzn-factories-face-closure-1459954. Toegang op 4 Augustus 2018 verkry.]

**BRON 3C**

Die artikel hieronder fokus op die invloed wat handelsliberalisering op Hammarsdale se ekonomie gehad het. Hammarsdale is in die Mpumalanga-township in KwaZulu-Natal geleë. Die titel van die artikel is 'Death of a Town' wat deur P Harper geskryf is. Dit het op 5 Februarie 2014 op die NEWS 24-webtuiste verskyn.

Hammarsdale, wat teen Durban se westelike grens geleë is, was vanaf die 1950's die tuiste van KwaZulu-Natal se tekstielbedryf, met die Mpumalanga-township wat deur die apartheidsregering gevestig is om werkers te huisves wat ingebring is om by die fabrieke te werk. Maar vanaf die laat 1980's het die invloei van goedkoop materiaal uit lande soos China en die verskuiwing van werkgewers na gebiede met laer arbeidskoste begin om Hammarsdale se ekonomie weg te vreet. Massiewe werkgewers, soos die tekstielreus die Frame Group, het uit die dorp weggetrek en duisende werksgeleenthede het verlore gegaan.

Mthetheleli Mjilo, 'n plaaslike landskapskontrakteur en 'n leier van die Hammarsdale Besigheidsforum, het in die omgewing grootgeword en het dit op sy hoogtepunt beleef. 'Toe ek hier grootgeword het, was daar baie werksgeleenthede in die tekstielbedryf. Toe Nigerië in 1994 in die Wêreldbekersokkertoernooi gespeel het, het my ouer broer hier by die fabriek gewerk wat hulle hemde gemaak het. Hierdie plek het werksgeleenthede gehad,' sê hy. Mjilo voeg by dat die vlak van voorspoed in die gebied geleidelik afgeneem het …

Mjilo het in 2005 opgemerk dat 'die gebied nie veel meer hiervan sou kon verdra nie'. Hy het verklaar: 'Die tekstielbedryf het eerste gegaan. Vir elke verlore werksgeleentheid kan jy sê dat nog ses mense gaan slaap sonder om iets te eet. Dit is 'n verdere 7 000 mense wat in hierdie gebied honger ly. Ons het 'n baie groot probleem hier. Dit is die laaste stuiptrekkings van 'n sterwende perd vir Hammarsdale. Ons het alreeds duisende jongmense wat met skool klaarmaak en nie plaaslik werk kan kry nie.'

[Uit https://www.news24.com/South Africa/News/death-of-atown-20170204. Toegang op 5 Augustus 2018 verkry.]

**BRON 3D**

Die artikel hieronder beskryf in hooftrekke hoe die Suid-Afrikaanse regering gehelp het om die plaaslike klere- en tekstielbedryf te stabiliseer. Dit is deur N Magwaza geskryf en het op 10 Maart 2016 op die *Independent Online*-nuuswebtuiste verskyn.

Johannesburg: Die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf het sy kragte herwin en indien dit ondersteun word, sal dit met wêreldwye vervaardigers met betrekking tot prys, gehalte en beskikbaarheid kan meeding, volgens Ebrahim Patel, die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling.

Patel het Donderdag by die jaarlikse bedingingsraadvergadering van die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie (SACTWU) in Durban gepraat. 'Ons is nog nie daar nie, maar ons het baie vermag om werksgeleenthede in hierdie bedryf te red en te skep,' het Patel gesê.

Die bedryf het tussen 2002 en 2012 werksgeleenthede verloor as gevolg van faktore soos goedkoop invoere, swak opleiding en 'n tekort aan beleggings deur maatskappye.

Patel het gesê dat die sektor baat gevind het by ongeveer R4 biljoen wat bestee is in die vorm van óf lenings óf aansporings. Die produksieaansporings val onder die Klere- en Tekstiel-mededingingverbeteringsprogram wat maatskappye help om mededinging te verbeter en om vir kapitaalopgradering te betaal. Deur die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI'), het die regering die R2,2 biljoen-produksieaansporingsfonds vir die klere-, tekstiel-, skoeisel (skoene)- en leersektor goedgekeur. Patel het gesê dat dit 63 000 werksgeleenthede gered het en 8 000 bykomende werksgeleenthede geskep het.

Die KwaZulu-Natal-klere- en tekstielgroep het ook by die regering se ingryping baat gevind. Johann Baard, die uitvoerende direkteur van Apparel Vervaardigers ('n Suid-Afrikaanse maatskappy), het gesê hy het waargeneem dat die bedryf die afgelope 18 maande verbeter het. 'Sedert die sektor vier jaar gelede ondersteuning van die regering ontvang het, het ons die skepping van 8 000 bykomende werksgeleenthede en die uitbreiding van die klerebedryf aanskou.'

[Uit https://www.iol.co.za/business-report/economy/hope-returns-to-clothing-textiles-sector-1658543
Toegang op 4 Augustus 2018 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bennett, M. 2003. *A Case Study of the Clothing Industry in South Africa* (International Labour Office)

http://science.jrank.org/pages/7530/Black-Consciousness.html

https://www.news24.com/South Africa/News/death-of-atown-20170204

https://risingsunoverport.co.za/wp-content/uploads/sites/108/2016/06/u1_ch4_Soweto_1976-520x400.jpg

https://sites.google.com/site/coldwarhistory2/the-impact-of-the-student-protests-and-the-soweto-uprising

https://www.iol.co.za/business-report/economy/hope-returns-to-clothing-textiles-sector-1658543

https://www.iol.co.za/news/south-africa/kwazulu-natal/450-kzn-factories-face-closure-1459954

https://www.zapiro.com/cache/com_zoo/images/m_961212mg_6e19e617dc4891b33abe9e607c4159cb.jpg

Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission A Journal Through the Past and Present – Into the Future of South Africa* (Wipf and Stock Publishers)

Meredith, M. et al. 1999. *Coming To Terms: South Africa's Search For Truth* (Perseus Books Group, VSA)

*The Daily Maverick*, 16 Junie 2016

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

# 1. BRONGEBASEERDE VRAE

## 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

## 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

## 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

  ____________ •______________________________________________
  ___________________•________________________________• ____________
  √√√√ Vlak 2

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **^**
- Verkeerde stelling ____________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE IN DIE 1970's SUID-AFRIKAANSE LEERDERS BEÏNVLOED?

1.1

1.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*

- 'n Filosofie wat selfvertroue/selfbewussyn en trots onder swart Suid-Afrikaners bevorder het
- 'n Filosofie wat swart Suid-Afrikaners aangemoedig het om onafhanklik te wees en om dinge op hul eie te doen (selfstandig)
- 'n Filosofie wat gelykheid, regverdigheid, trots en eenheid onder swart Suid-Afrikaners aangemoedig het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Om swart mense se afhanklikheid van wit liberales om namens hulle te praat, uit te wis'
- 'Om nie van wit liberale organisasies afhanklik te wees nie' (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

Biko het geïmpliseer dat:

- As jy swart is, moet jy jouself nie sien as minderwaardig (onderdanig) nie
- As iemand aanvaar dat hy swart is dan is 'n mens alreeds op pad om jouself te bevry van gebondenheid en onderdanigheid aan wit oorheersing
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

Die Swartbewussynsfilosofie:

- Het leerders en werkers laat besef dat hulle onderdruk word
- Het leerders en werkers gemobiliseer om vir hulle regte op te staan
- Was verantwoordelik vir die inspirering van leerders en werkers om protesaksies te onderneem
- Het gelei tot 'n golf van stakings wat gemik was teen wit Suid-Afrikaanse besighede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Wiskunde'
- 'Die wetenskappe' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Meeste swart Suid-Afrikaanse prinsipale en onderwysers kon nie die Afrikaanse taal praat nie
- Leerders het nie beheer oor die Afrikaanse taal gehad nie wat daartoe sou ly dat hulle 'n minderwaardige onderwys sou verkry
- Onderwysers in Soweto het Afrikaans teegestaan want hulle het dit beskou as die taal van die onderdrukker
- Dit sou lei daartoe dat swart Suid-Afrikaners geïndoktrineer word en tot minder belangrik gemaak word
- Hulle het gevoel dat dit 'n onregverdige bevel was wat deur die regering afgedwing is
- Hulle het gevoel dat die leerders sou druip/'gutter' (tweedehandse) onderwys
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Om die gebrekkige onderrig te vernietig wat onder die strawwe stelsel van 'Bantoe-onderwys' beskikbaar was'
- 'Enige leerder se hoop dat hy of sy die onderrig kon ontvang wat vir sukses in die moderne ekonomie nodig was, verydel' (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Leerders het begin om hulle eie verset teen hierdie nuwe stelsel te organiseer'
- 'Het vergaderings gehou'
- 'n Protesoptog geskeduleer' (3 x 1) (3)

1.3
1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
(a) Die Suid-Afrikaanse Weermag:
- Toon dat lede van die SAW honde gebruik het om ongewapende skoolkinders/leerders te intimideer
- Toon dat lede van SAW wapens gebruik het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Die leerders:
- Toon dat leerlinge vreedsaam was (arms omhoog) en nie geweld teen die lede van die SAW gebruik het nie
- Toon dat leerlinge opgestaan het vir hulle regte/is nie geïntimideer nie
- Toon dat studente weerstand gebied het teen die SAW/soldate
- Toon dat leerder teen Afrikaans as onderrigmedium geprotesteer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit toon hoe gebeure op 16 Junie 1976 ontvou het
- Dit lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) toon wat honde gebruik het om ongewapende kinders te intimideer
- Dit toon dat leerders vreedsaam was terwyl hulle die optog in Soweto onderneem het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1B en 1C – V3]*
- Bron 1B vermeld dat die leerders 'n optog georganiseer het om teen die instelling van Afrikaans as onderrigmedium te betoog en Bron 1C toon leerders wat vreedsaam teen Afrikaans as 'n onderrigmedium in Soweto betoog
- Bron 1B beklemtoon die sterk gewapende taktiek wat die polisie teen die leerders gebruik het en Bron 1C toon dat die SAW soldate honde gebruik het om leerders te intimideer
- Bron 1B vermeld dat leerders 'n vreedsame optog beplan het en Bron 1C toon die vreedsaamheid deur middel van die leerders se arms wat opgelig word (hande in die lug)/ twee vingers wys die vredesteken
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

(a) Swart Suid-Afrikaanse leerders:
- Baie leerdersleiers is aangehou, gemartel en doodgemaak
- Protesterende leerders is geskiet, doodgemaak en gewond
- Baie leerders het die land verlaat en by die ANC in ballingskap aangesluit
- Baie leerders het militêre opleiding ontvang of deur die MK of deur POQO
- Diegene wat opgelei is in ballingskap het na Suid-Afrika teruggekeer en die gewapende stryd verhoog teen die apartheidsregime
- Onderwys is ontwrig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Die Suid-Afrikaanse regering:
- Het sy positiewe beeld in die buiteland verloor
- Die regering se brutaliteit teen ongewapende kinders is deur die internasionale media aan die lig gebring
- Ekonomiese en diplomatieke sanksies het strenger geword wat druk op die regering geplaas het
- Is deur wit besighede gedruk om sy beleid te verander
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Suid-Afrikaanse Leerders-organisasie (SASO)'
- 'Suid-Afrikaanse Leerdersbeweging (SASM)'
- 'Soweto Leerders Verteenwoordigersraad (SSRC)' (3 x 1) (3)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit*:*

Die Swartbewussynsfilosofie beïnvloed:
- Swart Suid-Afrikaners om hulself te bevry van geestesslawerny en onderdrukking (Bron 1A)
- Swart Suid-Afrikaners om 'n sin van trots en selfstandigheid uit te beeld (Bron 1A)
- Leerders om die apartheidsregime uit te daag en protesaksie te onderneem (Bron 1A)
- Swart Suid-Afrikaanse leerders om hulle teenkanting teen die taalkwessie te organiseer (Bron 1B)
- Swart Suid-Afrikaanse leerders om 'n vreedsame optog te onderneem, maar hulle kry te doen met polisiebrutaliteit waardeur baie leerders aangehou, gemartel en doodgemaak is (Bron 1B en 1C)
- Swart Suid-Afrikaanse leerders om die apartheidsregime uit te daag met betrekking tot die taalbeleid en hulle was suksesvol in hulle stryd (Bron 1D)
- Swart Suid-Afrikaanse leerders om die land na die 1976 Soweto-opstande te verlaat waar hulle opleiding ontvang het in militêre kampe en teruggekeer het na Suid-Afrika om 'sabotasiesendings' te onderneem (Bron 1D)
- Swart Suid-Afrikaanse leerders om op te staan vir hulle regte (eie kennis)
- Die Soweto-opstande was 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie Suid-Afrikaanse leerders in die 1970's beïnvloed het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie Suid-Afrikaanse leerders in die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Swartbewussynsfilosofie Suid-Afrikaanse leerders in die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SKULDIGES SOOS BRIAN MITCHELL HANTEER?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Om growwe menseregteskendings te ondersoek'
- 'Die stilte van die verlede te verbreek'
- 'n Kultuur van verantwoordelikheid te skep'
- 'n Veilige ruimte vir slagoffers te verskaf' (enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Doodmaak'
- 'Ontvoering'
- 'Marteling'
- 'Ernstige misbehandeling van enige persoon'
- 'Sameswering'
- 'Aanhitsing'
- 'Opstokery' (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 2A – V1]*
- Die toestaan van amptelike kwytskelding vir mense wat polities gemotiveerde misdade gepleeg het/ indien hulle 'n volle onthulling gemaak het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Sonder die amnestieklousule was daar min geleentheid vir 'n vreedsame oplossing vir die uitdagings wat Suid-Afrika gekonfronteer het
- Die insluiting van die amnestieklousule het bygedra tot die onderhandelingsproses in Suid-Afrika
- Sonder die amnestieklousule sou die Nasionale Party dalk nie ingestem het om mag oor te gee nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Hy is skuldig bevind aan die moord op politieke aktiviste'
- 'Vir sy rol in die Trust Feed-slagting' (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Mseleni Ntuli'
- 'Dudu Shangase'
- 'Zetha Shangase'
- 'Nkoyeni Shangase'
- 'Muzi Shangase'
- 'Filda Ntuli'
- 'Fikile Zondi'
- 'Maritz Xaba'
- 'Sara Nyoka'
- 'Alfred Zita'
- 'Sisedewu Sithole' (enige 3 x 1) (3)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Die regter het gevoel dat Brian Mitchell aan die minimum vereistes voldoen het om in aanmerking te kom vir amnestie vir sy betrokkenheid by die Trust Feed-slagting
- Brian Mitchell se aktiwiteite is polities gemotiveerd en het 'deel uitgemaak van die teenrewolusionêre aanslag teen die African National Congress'
- Die regter het bepaal dat Brian Mitchell binne die loop en die raamwerk van sy pligte as 'n offisier in die Suid-Afrikaanse Polisiemag opgetree het
- Brian Mitchell het 'n volle onthulling gedoen oor sy betrokkenheid by die Trust Feed-slagting
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
Die Trust Feed Gemeenskap:
- Het gevoel dat die amnestieproses die skuldige bevoordeel
- Het besef dat die welsyn van slagoffers nie in ag geneem is nie
- Het gevoel dat Mitchell se pleidooi om vergifnis en versoening nie eg was nie
- Die Amnestiekomitee was onregverdig toe hulle Brian Mitchell ontslaan het, want hy was verantwoordelik vir die doodmaak van onskuldige slagoffers en hy moes berou gehad het oor die misdade wat hy gepleeg het
- Brian Mitchell moes berou getoon het vir die misdade wat hy gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die spotprent beeld amnestie uit as 'waspoeier' wat die bloed van die slagoffers wat doodgemaak is, sal uitwas
- Die spotprent toon dat dit maklik was om jouself kwyt te skeld van 'n afskuwelike (politieke) misdaad wat jy gepleeg het sonder skynbare rede – 'skoon hemp'
- Die spotprent beeld Brian Mitchell uit asof skoongemaak van enige oortreding soos getoon deur die wit hemp op die wasgoeddraad in raam 2
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die amnestieaanbod was slegs vir 'n kort tydperk – eindig Desember 14
- Die Amnestiekomitee het 'n eenmalige aanbod aangebied om na vore te kom en die waarheid te praat oor die moorde waarvoor jy verantwoordelik was
- Enige ander relevante antwoord (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C – V3]*

- Bron 2B meld dat Brian Mitchell aansoek gedoen het om amnestie gedurende die WVK-verhore en Bron 2C toon Brian Mitchell wat gereinig word van die moorde deur die 'amnestie waspoeier'
- Bron 2B meld dat hy aansoek gedoen het om amnestie vir die moord op 11 politieke aktiviste en Bron 2C toon dat sy hemp bevlek was met die bloed van elf mense
- Bron 2B meld dat Brian Mitchell amnestie verkry het by die WVK-verhoor/ 'vry gekom het' en Bron 2C toon dat die 'waspoeier' hom gereinig het van die misdade wat hy gepleeg het – 'Amnestie het my lewe verander'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'Hulle wou niks met hom te doen hê nie'
- 'Toe die byeenkoms uiteindelik gereël is, was dit duidelik dat daar baie mense was wat nie bereid was om die polisieman te vergewe nie'

(2 x 1) (2)

2.5.2 *Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

(a)

- Hulle het gesinslede verloor wat broodwinners was
- Hulle het ernstige finansiële, sielkundige en ekonomiese moeilikhede ondervind as gevolg van Brian Mitchell se rol in die moord op hul gesinslede
- Hulle het gevoel dat hy te maklik weggekom het/nie genoegsaam gestraf is nie en dat hy in die tronk moes wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Brian Mitchell het gevoel dat om om verskoning te vra vir die gemeenskap van Trust Feed vir die gruweldade wat hy gepleeg het 'die regte ding was om te doen'
- Hy het vorentoe gekom om homself te verootmoedig voor die familie van slagoffers van Trust Feed
- Die proses het gelei tot genesing, versoening en nasiebou
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 2D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit Brian Mitchell se poging om terug te keer na die gemeenskap van Trust Feed om verskoning te vra, te beklemtoon
- Dit beklemtoon dat sommige lede van die gemeenskap nie gewillig was om Brian Mitchell te ontmoet nie
- Die eerstehandse inligting bevat oor waarom Jabulisiwe Ngubane Brian Mitchell wou vergewe vir die gruweldade wat hy gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die WVK is gestig om menseregteskendings te ondersoek, om getuienis van slagoffers en oortreders aan te hoor en om amnestie toe te staan (Bron 2A)
- Brian Mitchell verskyn voor die WVK vir sy rol in die trust Feed-slagting (Bron 2B)
- Die WVK staan amnestie toe aan Brian Mitchell omdat sy aktiwiteite 'deel uitgemaak het van die teenrewolusionêre aanslag teen die ANC en die UDF aktiviste' (Bron 2B)
- Brian Mitchell het 'opgetree binne die loop en raamwerk van sy pligte as 'n offisier van die Suid-Afrikaanse Polisiemag' (Bron 2B)
- Die WVK het amnestie aan Brian Mitchell toegestaan as 'n 'slegs eenmalige aanbod' (Bron 2C)
- Die toestaan van amnestie aan Brian Mitchell het sy lewe verander (Bron 2C)
- Brian Mitchell het na die gemeenskap van Trust Feed teruggegaan om om verskoning te vra nadat amnestie aan hom toegestaan is deur die WVK (Bron 2D)
- Nie alle lede wat geassosieer het met die Trust Feed-slagting het om amnestie aansoek gedoen nie (eie kennis)
- Baie ander moordenaars en ondervraers het weggekom met die afskuwelike misdade wat hulle gepleeg het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) skuldiges soos Brian Mitchell hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) skuldiges soos Brian Mitchell hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) skuldiges soos Brian Mitchell hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET HANDELSLIBERALISERING OP SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF GEHAD?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Marrakesj Algemene Ooreenkoms oor Tariewe (GATT)'
- 'Wêreldhandelsorganisasie-ooreenkoms (WTO)' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*
- Dit het die verlaging van tariewe vir ontwikkelde lande ingesluit sodat hulle hul goedere in ontwikkelende lande kon verhandel sonder enige probleme
- Maak die toegang van handel met ander lande maklik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Dit het toegelaat dat goedkoop klere- en tekstielprodukte na Suid-Afrika teen 'n verminderde koste ingevoer kon word
- Dit het gelei tot die oorstroming van die Suid-Afrikaanse mark met goedkoop invoere
- Suid-Afrikaanse verbruikers het goedkoper klere- en tekstielinvoere verkies wat gelei het daartoe dat die plaaslike markte voor ernstige uitdagings te staan gekom het
- Baie plaaslike klere- en tekstielfabrieke het voor sluiting gestaan met die gevolg dat duisende werkers afgedank is en werkloosheid in die gesig gestaar het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'China'
- 'Indië'
- 'Pakistan' (enige 2 x 1) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- '450 KZN-fabrieke staar sluiting in die gesig' (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Die oorstroming van goedkoop invoere het tot 'n verlies in aanvraag gelei wat tot afdankings gelei het
- Dit sou daartoe gelei het dat hulle werkloos sou wees
- Werkloosheid sou ernstige ekonomiese en maatskaplike gevolge vir hulle families/huishoudings inhou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'Begin om Hammarsdale se ekonomie weg te vreet'
- 'Massiewe werkgewers, soos die tekstielreus die Frame Group, het uit die dorp weggetrek/ duisende werksgeleenthede het verlore gegaan' (2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
(a) 1990
- Groeiende/florerende ekonomie wat die gemeenskap positief beïnvloed het
- Werksgeleenthede was beskikbaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) 2000
- Die ekonomie was aan die afneem en dit het bygedra tot ernstige sosio-ekonomiese probleme
- Dit het tot werksverliese gelei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Meer as die helfte van Hammarsdale se inwoners het werkloos geraak
- Hammarsdale ondervind 'n ekonomiese resessie
- 7000 inwoners het sonder kos gaan slaap
- Baie skoolverlaters kon nie werk kry in die dorp nie
- Die gemeenskap het te doen gehad met verskeie sosio-ekonomiese uitdagings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Prys'
- 'Gehalte'
- 'Beskikbaarheid' (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Lenings'
- 'Aansporings'
- ‘Mededinging te verbeter’
- ‘Vir kapitaalopgradering te betaal’ (2 x 1) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Dit het maatskappye gehelp om hulle mededinging te verbeter
- Dit het maatskappye in KwaZulu-Natal bygestaan om vir kapitale verbeterings te betaal
- Dit was verantwoordelik vir die behoud van 63 000 werksgeleenthede in KwaZulu-Natal
- Die klere- en tekstielsektore kon meer as 8 000 bykomende werksgeleenthede skep wat gelei het tot die uitbreiding van die klerebedryf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van die inligting in Bron 3D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit die rol toon wat die Suid-Afrikaanse regering gespeel het in die oplewing van die klere- en tekstielsektor
- Dit toon dat die regering se inmenging/ingryping in die klere- en tekstielbedryf gelei het tot die beëindiging van werker afdankings
- Dit toon dat die regering toewyding tot hierdie sektor getoon het deur biljoene rande in die klere- en tekstielbedryf te belê
- Dit toon dat die regering se inmenging in hierdie sektor gehelp het om die klere- en tekstielbedryf in KwaZulu-Natal te stabiliseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van inligting in Bron 3C en 3D – V3]*
- Bron 3C meld dat die klere- en tekstielfabrieke gesluit het en gelei het daartoe dat duisende werkers afgedank is en werkloos was en Bron 3D staaf dat baie van sy lede hulle werke verloor het
- Bron 3C meld dat die invloei van goedkoop tekstiel gelei het tot werksverliese en Bron 3D staaf dat werksverliese voorgekom het as gevolg van goedkoop invoere uit die buiteland
- Beide Bron 3C en 3D verwys na werksverliese
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika word 'n ondertekenaar van GATT en die WTO en dit het gelei tot die verlaging van tariewe vir ontwikkelde lande sodat hulle sonder enige hindernis hul goedere kon verhandel in ontwikkelende lande (Bron 3A)
- Suid-Afrika het sy tariewe vrygemaak op die invoer van klere- en tekstielprodukte (Bron 3A)
- Die verlaging van tariewe het onder die vereistes van die WTO-riglyne geval wat dit vir internasionale maatskappye goedkoper gemaak het om klere- en tekstielprodukte na Suid-Afrika in te voer (Bron 3A)
- Goedkoop klere uit China, Indië en Pakistan het die plaaslike mark oorstroom (Bron 3A)
- Die aanvraag na Suid-Afrikaanse klere-en tekstielprodukte het begin afneem (Bron 3A)
- Klere- en tekstielfabrieke het begin om hul deure te sluit (Bron 3B)
- Die ekonomie in Hammarsdale het afgeneem as gevolg van handelsvryheid (Bron 3C)
- Klere- en tekstielfabrieke het hul deure begin sluit en werkers afgedank wat 'n negatiewe impak op die gemeenskap gehad het/ het tot armoede en honger gelei (Bron 3C)
- Jongmense kon nie werksgeleenthede kry in Hammarsdale nie (Bron 3C)
- Die regering moes groot hoeveelhede geld belê om te help om die klere-, tekstiel-, skoen- en leersektor te herstel (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die impak wat handelsvryheid op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak wat handelsvryheid op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van die impak wat handelsvryheid op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Indien hulle saamstem moet hulle bespreek hoe die Britse- en Ierse anti-apartheidsbewegings grotendeels verantwoordelik was vir die ondergang van die apartheidsregime in die 1980's. Indien hulle nie saamstem nie moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en staaf hoe hulle die verskillende versetvorms deur die Britse- en Ierse anti-apartheidsbewegings bygedra het tot val van die apartheidsregering in die 1980's.

UITBREIDING

- Redes vir die stigting van die Anti-Apartheidsbeweging (AAM) en die Ierse Anti-Apartheidsbeweging (IAAM) in die 1970's (Kort agtergrond)
- Rol van die IAAM
- In die1980's het die International Defence and Aid Fund (IDAF) fondse beskikbaar gestel vir noodtoestand inhegtenisnemings/smokkel R200 miljoen na Suid-Afrika / skep 'n netwerk van donateurs wat die vrylating van politieke gevangenes befonds het/Vanaf Januarie 1985 het IDAF 16 551 regsake (bv. detensies, gewone wetsvervolgings van straat-aktiviste) befonds
- **Sportboikotte:** Rol en impak van die Glen Eagles-ooreenkoms; In 1981 het Nieu-Seeland teen die 'rassistiese' Springboktoer geprotesteer/die Suid-Afrikaanse Sportraad (SACOS) het politieke skakels met die UDF en COSATU tot stand gebring/slagspreuk 'Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap' nie/Teen die laat 1980's is SA verban uit 90% van wêreldsport
- **Kulturele Boikotte:** Internasionale kunstenaars – slegs nie-segregasie gehore/ Kunstenaars teen Apartheid is in Brittanje gestig deur Dali Tambo en Jerry Dammers / Die British Actors' Union Equity het die gebruik van televisieprogramme wat sy lede ingesluit het, verbied/ In 1985 het die VSA se 'Artists United against Apartheid' geweier om in Suid-Afrika op te tree en het geld vir bevrydingsbewegings ingesamel/Die 1986 Freedom Festival in Londen is deur 'n gehoor van 250 000 bygewoon/musikante het hulle solidariteit met die mense in SA getoon/sprekers van die ANC, SWAPO en die British Anti-Apartheid Beweging het die skare toegespreek
- **Akademiese Boikotte:** Internasionale geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/Internasionale drukkers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en om toegang te gee tot informasie/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier en het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken/ Buitelandse skole het geweier om as eksterne eksaminators op te tree vir tesisse wat by SA universiteite voorgelê is/Trinity College het sy fakulteite verbied om met Suid-Afrikaanse universiteite saam te werk

- **Verbruikersboikotte:** Suid Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef/anti-apartheidsgroepe het die publiek aangemoedig om SA produkte te boikot/ Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/ Invoer van natuurlike produkte uit Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – is verbied
- **Desinvestering:** Dit was as gevolg van die Soweto-opstand en die dood van Steve Biko/ Swede was die eerste industriële land wat in SA desinvesteer het/In die 1980's het buitelandse beleggings met 30% gedaal/ Teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simonstad marinewerf (hawe) disinvesteer/General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/Die rand is gedevalueer/ Die uitwerking van die AAM protesaksie het 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse regering/Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek/Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie miljard dollars uit Suid-Afrika onttrek
- **Sanksies:** In 1980's het die Sullivan Principle (werkers van alle VSA maatskappye moet gelyk behandel word) die basis gevorm vir desinvestering-veldtogte/Leerders-opstande in die 1980's het die onttrekking van VSA handelsmaatskappye aangevuur/In 1982 het die Verenigde Nasies (VN) apartheid veroordeel en gevra vir sanksies teen SA
  - In 1985 het Amerikaanse Bank – *Chase Manhattan* Bank bande met Suid-Afrika verbreek/Die Johannesburgse Aandelemark (JSE) het vir vier dae gesluit/ Die waarde van die rand het gedaal met 35% van 54 tot 34 sent teenoor die dollar/In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap nuwe beleggings in SA verban
  - In 1986 het die VS Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in Suid-Afrika verbied het/Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul aktiwiteite in Suid-Afrika gestop/ Die VSA het gedreig om wapen-verkope aan Suid-Afrika te staak/In 1986 het die Anti-Apartheid Wet van die VSA veroorsaak dat Europa en Japan sanksies teen Suid-Afrika instel/ Internasionale banke het vertroue in Suid-Afrika se ekonomie verloor
  - In 1987 het Israel gestem om nie langer hulle bestaande verdedigingskontrakte met SA te verleng nie/In 1988 het een vyfde van Britse en 184 van Amerikaanse maatskappye uit SA onttrek as gevolg van druk van aandeelhouers/Barclays Bank het sy aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek/Die SA ekonomie het aanhou stagneer en het slegs 'n groei van 1.1% getoon
- **Die rol van Internasionale Vakbonde:** Die AAM het 'n handelsverbod op SA geplaas/ Die Ierse Kongres van Vakbonde het die apartheidsregime in SA teëgestaan
- Politieke en finansiële krisis in SA het aangehou/Westerse nasies het groot druk op SA geplaas om apartheid te beëindig/Die apartheidsregime het geen keuse gehad as om in alle erns onderhandelings met anti-apartheidsorganisasies te begin nie
- **Die veldtog om Mandela vry te laat:** Wembley Stadium/Verenigde Nasies/VN Veiligheidsraad en VN Algemene Vergadering het 'n oproep gedoen om die vrylating van Nelson Mandela
- **Die rol van die frontliniestate:** Verskaf basisse vir opleiding van vryheidsvegters; veroordeel Suid-Afrika se apartheidsbeleid by die VN
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe dit vir die leiers van verskeie politieke organisasies in Suid-Afrika moontlik was om die struikelblokke en uitdagings waarmee hulle gedurende 1990 tot 1994 gekonfronteer is, te oorkom. Hulle moet die belangrike struikelblokke wat leiers van verskeie politieke organisasies gekonfronteer het, beklemtoon en demonstreer hoe hulle hulle effektief oorkom het deur 'n onderhandelingsproses en kompromis.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet bespreek hoe leiers van verskeie politieke organisasies in Suid-Afrika die struikelblokke en uitdagings, wat hulle gekonfronteer het, oorkom het.

UITBREIDING
- De Klerk neem beheer oor in 1989 van PW Botha
- Rol van Nelson Mandela nadat hy vrygelaat is uit die gevangenis in Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en gemeenskapsorganisasies soos die ANC en SAKP (Rol van Mandela en ander rolspelers)
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 (Die rol van leiers van verskeie politieke organisasies en hoe hulle struikelblokke oorkom het)
- Geweld in die Vaal-driehoek (Die rol van leiers van verskeie politieke organisasies en hul poging om die krisis op te los)
- Pretoria Minuut (Die rol van leiers van verskeie politieke organisasies en hoe hulle struikelblokke oorkom het)
- Vergadering van politieke partye – KODESA 1 (20 Desember 1991) (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Die Declaration of Intent
- Aanhoudende geweld op pendelaartreine op die Rand (Die rol van leiers van verskeie politieke organisasies en hul poging om die krisis op te los)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Boipatong-slagting en sy gevolge (17 Junie 1992) (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Nelson Mandela se rol in die leidende rol wat hy gespeel het in die oproep tot aanhoudende massa-aksie teen die Nasionale Party (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Bhisho-slagting (Gqozo) en sy effek op die onderhandelingsproses (7 September 1992) (Die rol van leiers van verskeie politieke organisasies en hul poging om die krisis op te los)
- Memorandum van Begrip – Meyer en Ramaphosa (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Veelparty Onderhandelingsforum – Regse aanval op die Wêreldhandelsentrum (Struikelblokke en die rol van leiers van verskeie politieke organisasies)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) (Die rol van Mandela om die krisis op te los)
- Shellhuis-slagting en sy gevolge
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing is vasgestel (27–29 April 1994) (Rol van verskeie politieke organisasies om vir demokrasie voor te berei)
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Mikhail Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost direk verantwoordelik was vir die politieke verandering wat in die 1990's plaasgevind het in Suid-Afrika. Hulle moet verduidelik hoe Gorbachev se beleid die weg gebaan het vir die Nasionale Party en die African National Congress om met samesprekings te begin. Hulle moet verwys na relevante gebeure wat die politieke landskap tussen 1989 en 1990 in Suid-Afrika verander het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost direk verantwoordelik was vir die politieke veranderings wat in die 1990's in Suid-Afrika voorgekom het. Hulle moet hulle argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING
- Gorbachev wou die Sowjet-ekonomie moderniseer (perestroika), laat 'openheid' (glasnost)
- Hierdie hervormings sou 'n diepgaande effek hê op die Sowjetunie, Oos-Europa en Suid-Afrika
- Baie kommunistiese regerings in Oos-Europese lande het in 1989 ineengestort as gevolg van Gorbachev se hervormings
- Die val van die Berlynse Muur in Junie 1990
- Die Sowjetunie disintegreer
- Kommunisme word nie langer gesien as 'n 'wêreldwye bedreiging' nie
- Die val van die Sowjetunie het Suid-Afrika ook geaffekteer
- Die apartheidsregime kon nie langer kommunisme gebruik om sy apartheidsbeleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle die Kaapse seeroete van kommunistiese oorname beskerm is nie langer aanvaarbaar nie
- Die VSA en sy bondgenote kon nie langer aanhou om die onderdrukkende apartheidsregime te ondersteun nie
- Die val van die USSR het ook die ANC beïnvloed om hulle standpunt teenoor die leiers van die apartheidsregime te verander
- Die Sowjetunie kon nie langer die ANC ekonomies en militêr ondersteun nie
- In die lig hiervan moes die ANC sy ekonomiese en politieke beleid hersien
- Die val van die Sowjetunie het druk uitgeoefen op beide die Nasionale Party en die ANC om met onderhandelings te begin
- Eksterne ondersteuning vir beide die Nasionale Party en die ANC het afgeneem en dit het gelyk of die beste opsie aan beide kante onderhandelings sou wees

- Die nederlaag van die SAW by die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party gelei om te begin met onderhandelings met kommuniste oor die onafhanklikheid van Namibië
- Omdat dit vir die Nasionale Party moontlik was om met kommuniste in Namibië te onderhandel het dit vir hulle makliker geword om met die ANC te praat
- Die Westerse wêreld het 'n ooreengekome skikking in Suid-Afrika ondersteun sodat sy uitdagings vreedsaam en demokraties opgelos kon word
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie langer wit oorheersing vir altyd kon onderhou nie
- Die aanhoudende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners sou uiteindelik lei tot politieke onstabiliteit en ekonomiese vernietiging
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n staat van depressie en die NP het geen ander opsie gehad as om 'n onderhandelingsproses met die ANC te begin nie
- PW Botha kry beroerte en word deur FW de Klerk opgevolg
- FW de Klerk het begin besef dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat uit Moskou gekom het nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met vryheidsorganisasies in verbinding te wees om sodoende 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheids-organisasie wat die ANC, PAC en SAKP ingesluit het en die vrylating van politieke gevangenes, aangekondig wat die weg na samesprekings kon lei en die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou